

# Inwoners knyp neuse styf toe

*Stank ondraaglik op 2 dorpe*

■ FRANS COETZEE

KIMBERLEY. – Minstens twee dorpe in die Noord-Kaap kan vanjaar 'n stinkende Kersefees beleef indien munisipale werkers nie verstopte rioolstelsels betyds herstel nie.

Ontstoke inwoners van die woonbuurte Rietvale en Motswedimosa op Ritchie moet die neuse deesdae styf toeknyp as hulle in die strate stap.

Rou riool borrel plek-plek uit die afvoergate om poele te vorm waarin kinders die hitte van die Noord-Kaapse son probeer verdryf.

In Suiderkruisstraat naby die Rietrivier en in Zeppestraat en Shupingstraat vloei groen slymwater breed.

Die stank is so erg dat inwoners nie eens hul kos behoorlik in hul huise kan nuttig nie. Dit laat die oë letterlik traan.

Die rioolkwessie krap die inwoners al die afgelope twee jaar om. Dit lyk of die spoelstelsel wat die emmerstelsel sowat 'n dekade gelede vervang het, nie die mas kan opkom nie. Pype raak verstop. Dan vloei die rou riool vrylik deur die strate.

Selfs die besoek van burgemeesters aan die dorp om die probleem te aanskou, het nie gehelp nie.

Mnr. Patrick Everyday, burgemeester van die Sol Plaatje-munisipaliteit, het ook vroeër vanjaar kom inloer, maar die onmenslike stank duur voort.

Gisteroggend het beswaardes die Sol Plaatje-munisipaliteit gebel. Toe is weer eens belowe die gemors sal reggemaak word.

Inwoners glo nie die beloftes sal nagekom word nie, aangesien die mees-

Stuur kommentaar per sms na

35956

te munisipale werkers nou mos met verlot is.

Op De Aar is rou riool in die nywerheidsgebied in 'n sloot herlei nadat die mangate hier tot onder die deksels verstop is.

Die riool kan na die Brakrivier afloop.

Gister is belowe twee vragmotors met pompe sal die gemors uit die sloot suig, maar nog niks is gedoen nie.

Hier stink dit nie net nie, dit vrot behoorlik.

'n Inwoner het gesê op die dorp is die rioolstelsel ook op plekke verstop.

'n Munisipale amptenaar het die inwoner aangesê om die dreinpype op sy erf skoon te maak, wat hy teen hoë koste gedoen het. Toe kom hy agter die verstopping is buite die erf.

Die houding van munisipale amptenare is dat die probleem ook op ander dorpe heers, daarom is dit nie 'n uitsonderlike gebeurtenis op De Aar nie, het die beswaarde gesê.

Mnr. Sello Matsie, woordvoerder van die Sol Plaatje-munisipaliteit, het by navraag gesê die probleem het ontstaan nadat 'n Eskom-kragonderbreking plaasgevind het.

Werkers gee aandag aan die kwesie.

Die woordvoerder van die Emthanjani-munisipaliteit op De Aar het nie teen gistermiddag sy e-pos-navraag geantwoord nie.